



| | |
|-----------------|--|
| SUBJECT: | AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL |
|-----------------|--|

| | | | |
|---------------|-----------|---------------|----------|
| GRADE: | 12 | PAPER: | 2 |
|---------------|-----------|---------------|----------|

| | | | |
|-----------------------------|----------------------|------------------|--------------|
| DATE OF EXAMINATION: | NOVEMBER 2008 | DURATION: | 2 UUR |
|-----------------------------|----------------------|------------------|--------------|

1. ANALYSIS OF QUESTION BY QUESTION PERFORMANCE OF THE CANDIDATES

Give a detailed account of how the candidates performed in each question. In doing this, the following steps should be followed:

- 1.1 The aim/objective for setting the question (what skills, knowledge, values and attitudes were being tested by asking the question)
- 1.2 Relevance or relation of the question to the Los and ASs.
- 1.3 How did the candidates perform in the question?
- 1.4 Where and how did candidates lack or fail in giving an appropriate answer to score high marks in the question?

Algemene foute wat leerders in al drie die afdelings gemaak het:

1. Onderwerp heeltemal misgetas.
2. Onderwerp net gedeeltelik uitgebrei – afdwaling, verloor fokus.
3. Beperkte fokus – herhaal baie.
4. By gebrek aan woordeskat en die nodige taalvaardigheid, skryf hulle bloot die geleiers of gedeeltes uit die vraestel oor.
5. Baie direkte Engels of die een of ander “verwerkte” vorm van Engels.
6. Hulle ken nie die formaat/vereistes vir die verskillende langer en korter tekste nie.
7. Min gevalle waar kandidate te lank geskryf het; eerder te kort, veral by Afdeling C
8. Soms werklik net ‘n gebrabbel waar niks sin maak nie!
9. Lang sinne en hoe langer die sin, hoe meer foute met veral woordorde.
10. Taal bly maar die grootste struikelblok!

QUESTION 1

Baie kandidate wat oor 1.1 geskryf het, het die onderwerp 'n bietjie misgetas, aangesien hulle oor selfone in die algemeen geskryf het en nie van 'n eie ervaring vertel het nie.

1.2 – opstelle oor die LOTTO redelik goed, maar die oor ander kompetisies nie werklik geslaagd nie. Gewoonlik baie beperkte idees, wat nie genoegsaam uitgebrei word nie.

1.3 – opstelle oor ouers baie basies. Sou gedink het hulle sou meer hieroor kon skryf.

1.4 – nie baie oorspronklike inhoud nie; waarskynlik a.g.v gebrekkige woordeskat. Een baie oulike opstel oor hierdie onderwerp.

1.5 – net soos met 1.1 het kandidate hier ook heel misgetas en oor elektrisiteit in die algemeen geskryf.

QUESTION 2

2.1 – die vriendskaplike brief: redelik goed beantwoord. Sukkel soms met die formaat van die brief.

2.2 – dialoog met die broer: ook soms misgetas. Word broer se dialoog met hom/haar i.p.v andersom. Sukkel ook met formaat en vloei in die dialoog. Vrae en antwoorde pas dikwels glad nie bymekaar nie.

2.3 – resensie: formaat; eerder 'n opsomming van die kortverhaal as 'n resensie.

2.4 – amptelike brief oor skool se swak uitslae: sukkel met trant/toon/styl en formaat; gebrekkige inhoud; skryf oor uit die vraestel.

QUESTION 3

3.1 – die poskaart: 'n paar goeie stukke. Kandidate het volgens die geleiers gewerk.

3.2 – uitnodigingskaartjie: posisionering van belangrike inligting.

3.3 – instruksies hoe om 'n toebroodjie te maak: hulle het geen idee nie!

7. ANY ADVICE THAT YOU COULD GIVE TO EDUCATORS IN HELPING THE LEARNERS TO REACH THE EXPECTED LEVEL.

1. Ons moet 'n daadwerklike poging aanwend om leerders aan die **lees** te kry.
2. **Woordeskatuitbreiding**. In baie gevalle het leerders die inhoud, maar nie die woordeskat en taalvaardigheid om dit te verwoord nie.
3. Onderrig die **vereistes/formaat** van die verskillende tekste.
4. Oefening in **paragraafbou**. Laat hulle 'n kort paragraaf skryf waarin 'n idee uitgebrei word. Dan stelselmatig meer paragrawe tot hulle uiteindelik 'n volle opstel skryf. Begin reeds in die laer grade hiermee.
5. Die hele storie rondom **bepanning**. Leer hulle om van vloei- of spinnekopdiagramme gebruik te maak net om hulle gedagtes te orden.
6. Moedig leerders aan om **korter sinne** te skryf. En om verskillende **sinsoorde** te gebruik waar dit gepas sou wees, bv. 'n vraagsin om die leser se aandag te trek, of 'n uitroep vir impak, ens.
7. Leer hulle om **instruksies** te volg. As daar iets in 'n onderwerp ingebou is, moet hulle dit in hulle respons aanspreek/insluit, bv. die kort paragrafie oor lees. As hulle dit nie doen nie, gaan hulle sukkel om die vereiste aantal woorde te haal.
8. **Engels**, of enige verwerkte vorm daarvan, is uit!!!
9. **Geleiers** is net daar om hulle moontlike idees te gee.
10. Taalonderrig.

SIGNATURE OF EXAMINER/MODERATOR: _____



SIYASEBENZISANA/ WORKING TOGETHER/ SAMEWERKING
Quest for Excellence through high powered performance